Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2022

EKONOMIE V1

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ’n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag ’n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND) 30 PUNTE – 20 MINUTE

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 Vergelykende kostevoordeel toon dat wêreldproduksie/-uitset kan toeneem as lande … in wat hulle die beste doen.

A tariewe oplê
B die gebruik van tegnologie beperk
C spesialiseer
D werkers beskerm

1.1.2 Gesamentlike aanbod kan deur 'n regeringsbeleid van … gestimuleer word.

A verlaging van produktiwiteit van die produksiefaktore
B verminder produksiefaktore
C beperk die doeltreffendheid van insette
D verbeter die doeltreffendheid van markte

1.1.3 Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermagdienste word deur die … regering verskaf.

A sentrale
B distrik
C plaaslike
D provinsiale

1.1.4 Wanneer die waarde van intermediêre produkte onreëlmatig by finale produkte gevoeg word … vind plaas.

A rekeningkundige rekord
B dubbeltelling
C nasionale inkomste
D nasionale rekeninge

1.1.5 'n Toevoeging tot die land se kapitaalvoorraad of kapitaalgoedere word … genoem.

A bruto binnelandse produk
B uitvinding
C bruto kapitaalvorming
D innovasie

1.1.6 ’n Aanduiding van langtermyngroei in die ekonomie word na as ... verwys.

A tendenslyn
B amplitude
C ekstrapolasie
D trog

1.1.7 ’n Belasting is proporsioneel wanneer …

A ’n algemene belasting word op elke eenheid van die produk gehef.
B die gemiddelde belastingkoers dieselfde vir alle belastingbetalers is.
C mense met ’n hoër inkomste ’n groter persentasie van hul inkomste aan belasting as mense met ’n laer inkomste betaal.
D dit ’n groter persentasie van die inkomste van lae-inkomste verdieners as die met ’n hoër inkomste neem.

1.1.8 ’n Afname in die waarde van die geldeenheid as gevolg van markkragte staan as ... bekend.

A revaluasie
B devaluasie
C appresiasie
D depresiasie (8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Reële syfers	A	'n aansporing wat aan vervaardigers gegee word om die koste van produksie te verminder
1.2.2	Kontant-reserwevereiste	B	waar hulpbronne nie hertoegewys kan word om een individu beter daaraan toe te maak, sonder om ten minste een individu slegter daaraan toe te maak nie
1.2.3	Subsidies	C	toon die manier waarop goedere en dienste in die ekonomie geproduseer en verbruik word
1.2.4	Maatskaplike toelaes	D	SARB konsulteer met handelsbanke om op 'n wenslike/gepaste wyse op te tree volgens heersende ekonomiese toestande
1.2.5	Pareto-doeltreffendheid	E	'n vorm van krediet wat die IMF kan gebruik vir 'n konsekwente onewewigheid
1.2.6	Reële vloei	F	'n voorbeeld van oordragbetalings
1.2.7	Handelsbalans	G	ook bekend as die nasionale produk teen konstante pryse
1.2.8	Spesiale Ontrekkingsreg	H	waarde van uitvoere minus invoere
		I	die minimum bedrag geld wat die Suid-Afrikaanse Reserwebank van banke vereis om in stand te hou om geldskeppingsaktiwiteite te manipuleer

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 ’n Sektor wat groothandel, vervoer, eiendom en kommunikasie insluit

1.3.2 Verbruik wat onafhanklik is van die vlak en veranderinge van inkomste

1.3.3 Siklusse wat veroorsaak word deur veranderinge in aktiwiteit in die bou- en konstruksiebedryf

1.3.4 ’n Kromme wat die verband tussen belastingkoerse en belastinginkomste verduidelik

1.3.5 ’n Opsomming van die waarde van verskillende leidende aanwysers in ’n enkele waarde

1.3.6 Die uitruil van goedere of dienste oor internasionale grense

(6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE soorte sekuriteite wat in die geldmark gevind word. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom gee die regering oordragbetalings aan gemeenskappe? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KEYNESIAANSE EKONOMIE

Die konsep van die vermenigvuldigerproses het belangrik in die 1930's geword toe John Maynard Keynes dit voorgestel het as 'n instrument om regerings met besluitneming te help. Hierdie vraagbestuur-benadering is ontwerp om groei te help en om die bedrag te meet wat nodig is om hoë vlakke van nasionale inkomste te bereik.

Ontleders glo dat 'n toename in staatsbesteding het 'n vermenig-vuldigingseffek op die ekonomie, terwyl die lewenstandaarde vir die armes verhoog word.

[Aangepas en vertaal uit www.tutor2u.net. Toegang op 10 November 2021 verkry.]

2.2.1 Identifiseer 'n voorbeeld van 'n inspuiting hierbo. (1)

2.2.2 Noem 'n faktor wat die grootte van die vermenigvuldiger beïnvloed. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *vermenigvuldiger*. (2)

2.2.4 Verduidelik die gebruik van die vermenigvuldiger deur die regering. (2)

2.2.5 Wat is die negatiewe effek van 'n lae spaarkoers op ekonomiese groei? (4)

2.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Suid-Afrika, die vasteland se mees geïndustrialiseerde ekonomie, was reeds in 'n tegniese resessie toe die koronavirus pandemie in Maart 2020 getref het. Daar was werksverliese, kredietkrisis, stygings in voedsel- en brandstofpryse en verbruikersvertroue in die ekonomie het begin daal.

[Aangepas en vertaal uit https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/202010/south-african-economic-reconstruction-and-recovery-plan.pdf. Toegang op 20 Oktober 2021 verkry.]

2.3.1 Identifiseer die sosio-ekonomiese uitdaging wat toegeneem het toe die ekonomie in 'n insinking gegaan het. (1)

2.3.2 Noem die onderste draaipunt van 'n sakesiklus. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese resessie*. (2)

2.3.4 Verduidelik die verband tussen BBP en sakesiklusse. (2)

2.3.5 Hoekom is inflasie geneig om tydens resessies te daal? (4)

2.4 Onderskei tussen die *bestedingsmetode* en die *inkomstemetode* om Bruto Binnelandse Produk (BBP) te bepaal. (8)

2.5 Hoe kan die monetêre beleid tot ekonomiese groei bydra? (8)
[40]

VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE vloeie in 'n oop sirkulêre vloei-ekonomie. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoekom is dit nie moontlik om individue van die gebruik van openbare goedere uit te sluit nie? (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: http://www.amazon.com]

3.2.1 Identifiseer die deelnemer wat die produksiefaktore besit. (1)

3.2.2 Noem EEN openbare goedere wat deur die staat verskaf word. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *faktormark*. (2)

3.2.4 Wat is die effek op nasionale inkomste as inspuitings minder as onttrekkings is? (2)

3.2.5 Verduidelik die impak van 'n daling in belasting op die vlak van produksie. (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

[Aangepas en vertaal uit google images]

3.3.1 Identifiseer 'n makro-ekonomiese doelwit van die openbare sektor in die spotprent. (1)

3.3.2 Watter fiskale beleidsinstrument is die hoofbron van staatsinkomste? (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese groei*. (2)

3.3.4 Verduidelik hoe die openbare sektor mislukking tot sosiale onstabiliteit kan lei. (2)

3.3.5 Waarom sal Suid-Afrika waarskynlik misluk in die bereiking van sy ekonomiese doelwitte? (4)

3.4 Bespreek kortliks die rol van ondernemings in die ekonomiese-kringloop. (8)

3.5 Evalueer die impak van die vermindering van die terugkoopkoers (repokoers) op die ekonomie. (8)

[40]

VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE tipes markte wat deel van die finansiële stelsel vorm. (2)

4.1.2 Hoekom is dit belangrik om bewegende gemiddeldes te gebruik om sakesiklusse te voorspel? (2)

4.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

NASIONALE REKENING TOTALE **SUID-AFRIKA BRUTO BINNELANDSE PRODUK**	
	R miljoene
Primêre sektor	324 365
Sekondêre sektor	556 708
Tersiêre sektor	1 789 431
Bruto toegevoegde waarde teen basiese pryse	**A**
Bruto binnelandse produk teen markpryse	2 964 261

[Bron: *SARB Quarterly Bulletin*]

4.2.1 Gee 'n voorbeeld van belasting op produkte. (1)

4.2.2 Noem die alternatiewe term wat vir bruto toegevoegde waarde in nasionale rekeninge gebruik word. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *sekondêre sektor*. (2)

4.2.4 Hoe word basiese pryse na markpryse omgeskakel? (2)

4.2.5 Bereken die waarde van **A**. Toon ALLE berekeninge. (4)

4.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Vertaal en aangepas uit https://southafricanmi.com/south-africas-qdp.html/. Toegang op 21 Augustus 2021 verkry.]

4.3.1 Identifiseer die industrie in die sekondêre sektor wat die meeste tot ekonomiese groei in die diagram hierbo bygedra het. (1)

4.3.2 Gee EEN voorbeeld van 'n industrie in die primêre sektor. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *Bruto Binnelandse Produk*. (2)

4.3.4 Hoe beïnvloed vergoeding van werknemers arbeidsproduktiwiteit? (2)

4.3.5 Waarom is die vermenigvuldigingseffek op vervaardiging belangrik in die ekonomie? (4)

4.4 Teken 'n korrek benoemde diagram van 'n sakesiklus, wat tendenslyn, lengte, die amplitude en die trog duidelik aandui. (8)

4.5 Met verwysing na die Phillips-kurwe, ontleed die verband tussen inflasie en werkloosheid. (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding Die inleiding is 'n laerorde-antwoord. • 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf. • Moet NIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE. • Moet NIE enige deel van die inleiding by die liggaam insluit NIE. • Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek	Maks. 2
Liggaam **Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/ Verduidelik/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/Voltooi die grafiek gegee/Assesseer/Debatteer **'n Maksimum van 8 punte kan aan opskrifte/voorbeelde toegeken word.** **Bykomende gedeelte:** Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/ Debatteer/Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor **'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.**	Maks. 26 Maks. 10
Slot Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: • 'n Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is • Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is • Bykomende ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk • 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra • Aanbevelings	Maks. 2
TOTAAL	**40**

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek volledig die redes vir internasionale handel. (26 punte)
- Hoe kan 'n swakker rand Suid-Afrika se handel met ander lande beïnvloed? (10 punte) **[40]**

VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek volledig die hoofdoelwitte van die openbare sektor in die ekonomie. (26 punte)
- Hoe effektief is die Suid-Afrikaanse regering om volle indiensneming te bewerkstellig? (10 punte) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou